Beste SAOU-lid / belanghebbende

Ons verwerp Chris Klopper van die SAOU se standpunt dat godsdiens in skole ongrondwetlik en onwenslik is.

As jy dié standpunt verwerp en positief is oor godsdiens in skole, klik op die skakel.

Ek skryf die brief namens myself en verskeie bekommerde onderwysers met wie ek gepraat het. Ek skryf die brief ook omdat ek glo daar is duisende onderwysers en ouers wat ook bekommerd is oor die toekoms van godsdiens in skole. Deur die skrywe te rig, wil ek nie die SAOU die stryd aansê nie, maar wil ek eerder die hart en wese van die SAOU red.

Ons neem met kommer kennis van die komende hofsaak oor godsdienspraktyke in skole. Ons is nog meer bekommerd oor die hofstukke wat Chris Klopper, die hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), as vriend van die hof ingedien het. Ons glo nie die inhoud van die hofstukke verteenwoordig enigsins die mening van lede van die SAOU nie.

Die SAOU is vir ons belangrik en kosbaar en so ook die waardes wat ons oor soveel jare al koester. Die argumente in die hofstukke waarin Chris Klopper argumenteer dat godsdienspraktyke in skole ongrondwetlik en selfs onwenslik is, is 'n dolk in die hart van die karakter van die SAOU. Indien dit die nuwe standpunt van die SAOU is, beteken dit vir alle praktiese doeleindes die einde van die SAOU.

Ons wil die SAOU red en wil opstaan vir dít wat ons glo in SAOU-lede leef. Ons neem ook kennis van Chris Klopper se standpunt dat hy die status quo wil handhaaf. Ons het egter sy hofstukke gelees. Ons sien nie die verband tussen die hofstukke en sy mediaverklaring nie. Ongelukkig gaan die stukke voor die hof dien en nie die mediaverklaring nie.

Indien die hof Klopper en die Organisasie vir Godsdienste-Onderrig en Demokrasie se standpunt handhaaf, sal dit beteken dat praktyke soos gebedsopening, ACSV-aktiwiteite, die sing van godsdiensliedere, bid voor rugby, die opening van vergaderings met gebed, om 'n paar voorbeelde te noem, onwettig is.

Klopper voer in sy stukke aan: "Public schools should guard against alignment with a particular religion." Oor die ses skole wat hul godsdienspraktyke verdedig, argumenteer Klopper in sy stukke: "... the taking on by a school of a particular religious identity is prohibited ..." "Equitability also cannot mean the crude majoritarianism advocated for by the respondent schools. They argue that because all of the respondent schools are overwhelmingly Christian, equitability permits alignment with the dominant religion. This reasoning is unsustainable." Chris Klopper posisioneer hom direk teenoor die skole wat opstaan vir godsdienspraktyke in skole. Hy voer dit nog verder deur te sê: "... the best interests of children are not served by alignment with a particular religion." Ons glo dat die SAOU se hart juis anders is.

Hierdie standpunt van Chris Klopper word deur die SAOU se lede verwerp. In 'n meningsopname wat die SAOU self onder sy lede gedoen het, word gevra: "Moet die beginsel van keusevryheid ten opsigte van 'n bepaalde etos en karakter (ongeag geloof) by 'n betrokke skool gehandhaaf word?" In totaal het 95,9% van die SAOU-lede "ja" geantwoord. Hulle sê ook dat dit op so 'n wyse gedoen moet word dat ruimte en respek vir ander gelowe en standpunte geskep word.

Net so verstom en geskok as wat ons was toe ons Chris Klopper se stukke gelees het, was die reaksie van vreugde wat die selferkende ateïs, Hans Pietersen die drywer agter die saak om godsdiens in skole te verbied, uitgespreek het. Hy skryf die volgende op Facebook: "The Heads of Argument submitted

by SAOU filled me with tears of joy. It is in support of our request for an interdict and completely opposite of what we were expecting. I withdraw any negative remarks I might have made in the past about SAOU and Chris Klopper."

Ons was so geskok oor hoe die inhoud van die hofstukke en die inhoud van Chris Klopper se openbare verklarings verskil dat ons 'n regskenner gevra het om vir ons 'n opinie daaroor te lewer. Ons publiseer dit, asook Chris Klopper se hofstukke, op www.redsaou.co.za . Gaan lees asseblief die stukke en nie net die openbare verklarings nie.

Ons wil deur hierdie skrywe standpunt inneem ten gunste van godsdienspraktyke in skole en wil die SAOU vra om Chris Klopper te repudieer en die hofstukke terug te trek. Kom ons red die SAOU!

Ons wil op groot skaal wys dat Chris Klopper se standpunt nie die algemene standpunt is nie.

Indien jy "ja" sê vir godsdienspraktyke in skole, klik op die skakel.

Hierdie skrywe is belangrik vir onderwysers, maar ook vir ouers en die algemene publiek.

Stuur hierdie skrywe so wyd as moontlik aan.

Vriendelike groete

Louis van Dyk (Skoolhoof)

Onderwyser

Ouer

Onderwyser

Ouer

Onderwysstudent

Onderwysstudent